SEWEWEEKSPOORT

Een Sondagoggend stel Robbie voor ons moet die Seweweekspoort besoek. Dit is ook 'n poort deur die Swartberge, waar 'n pad 'n paar kilometer voor Zoar op die R66 noord afdraai deur die Seweweekspoort. Anderkant die Robinsonpas oor die Outeniquaberge neem ons 'n kortpad oor Volmoed na die R66. Ons ry met Robbie se tweedeur Pajero. Die pad draai so links na so 'n hoogtetjie. Aan die regterkant is daar 'n skuinste van so 10 of meer meter. Daar onder in die veld staan 'n wit Mercedes Benz in die veld. Ek merk op "hoekom ry die man met sy kar in die veld ?" Toe kliek ons almal en soek plek om terug te draai ! Toe ons nader kom staan 'n vrou aan die linkerkant en waai so floutjies ! Johanna en Maude is oor 'n heining en by die wal af. Ek en Robbie draai weer om want ons het 'n plaashek gesien na daardie stuk veld. Toe ons by die wit Mercedes kom hoor ons die storie van oom Hentie en tannie Hannie. Hulle is van Oudtshoorn. Oom Hentie is 'n afgetrede weermag onderoffisier. Hulle het sommer 'n entjie gaan ry en sommer na die oggenddiens oor die radio geluister. Toe oom Hentie die nekkie wat na links draai nader, moes hy 'n "blackout" gekry het en toe ry hy sommer reguit aan en vlieg oor die wal aan die regterkant en maak 'n landing met sy Mercedes in die veld. Tannie Hannie soek net oom Hentie se hart pilletjies en wil kort kort weet waar is hulle en of oom Hentie ook nog daar is. Ons meen toe sy moes erge harsingskudding opgedoen met, wat seker nie so 'n sagte landing kon gewees het nie. Anders is die twee mense intakt. Miskien net 'n kneusplek hier en daar en tannie Hannie kla dis seer is oor haar ribbebene !. Oom Hentie vra of ons hulle tog net na die Weermag se siekeboeg kan neem op Oudtshoorn. Daar sal 'n dokter aan diens wees. Robbie en Maude bied toe summier aan dat hulle liewer 'n insleepdiens vir die motor sal reël. Na 'n gesukkel is oom Hentie en Johanna agterin en tannie Hannie voor in die tweedeur Pajero, met Johanna wat haar van agter paai en ek wat bestuur. Elke kort-kort wil tannie Hannie weet waar is oom Hentie en waar is hulle nou ? Ons probeer verduidelik en oom Hentie ook, maar na 'n ruk hou hy ook maar toe op ! Gelukkig is daar personeel by die siekeboeg en hulle maak tannie Hannie gemaklik. Toe oom Hentie sien sy is nou kalmer, neem hy my eenkant toe en vra of ek hom nie asseblief na sy huis daar naby sal neem sodat hy hom 'n bietjie gemakliker kan gaan maak en ook skoon onderklere kan gaan aantrek nie ! Die vlieg en landing het ander gevolge vir hom gehad ! Met dié dat ons weg is, kom die dokter daar aan. Johanna verduidelik die omstandighede en dat die tannie seker harsingskudding het, want sy vra aanmekaar dieselfde vra. Nee sê hy, indien sy nié aanmekaar dieselfde vrae gevra het nie, sou hy bekommerd gewees het ! Hy ken haar baie goed en sy het al gevorderde Alzheimer's ! Oom Hentie kry sy ander motor en ons is terug siekeboeg toe. Die dokter is toe ook tevrede dat daar niks verder ernstig skort nie en dat hy die nodige medikasie vir pynverligting en kalmering sal voorskryf. Ons maak toe verskoning om Robbie en Maude te gaan oplaai. Nie ver van waar ons hulle agtergelaat het nie, kom die vragmotor met 'n "low bed" en oom Hentie se Mercedes bo-op aan. Robbie en Maude is nog besig om voor uit die vragmotor te klim, toe oom Hentie en tannie Hannie in sy blou Mazda stilhou. Hy het net sélf verder die reëlings waarheen sy kar geneem moet word, kom oorneem ! Ons het toe maar daardie dag by 'n restaurant by "Buffelsdrift Game Lodge" gaan eet.

Ons is toe by 'n later geleentheid weer oor die Robinsonpas, oor Volmoed en deur Calitzdorp oor die Huisrivierpas. (van David Kramer se "Stanley de Wit en die koei" faam) tot duskant Zoar en verken ons toe uiteindelik die Seweweekspoort. Dit is steeds 'n grondpad met pragtige klipkranse en ongerep ! Die moeite werd om te besoek !

Pragtige rotsformasies in die Seweweekspoort

’n Mooi aalwyn in die Seweweekspoort

Terug na Inhoudsopgawe